durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

Bergsig Boodskap

1-14 Julie 2024

7 Julie 2024, Doop

9:00 **Familiediens (Ouditorium)**
Ds. Mizelle Prinsloo

Deuroffer: Studiefonds

14 Julie 2024

9:00 **@9 Diens (Ouditorium)**
Ds. Leon Tait
Glow Kidz (Saal)
Marinette Kilpert

18:00 **@6 Diens**
Pieter Truter

Deuroffer: Makhatini

21 Julie 2024

9:00 **@9 Diens (Ouditorium)**
Ds. Christo Klopper
Glow Kidz (Saal)
Marinette Kilpert

18:00 **@6 Diens**
Pieter Truter

Deuroffer: Magdalenahuis

28 Julie 2024, Getuienisweek Geloofsgelofte-Offers (GGO)

09:00 **@9 Diens (Ouditorium)**
Ds. Leon Tait
Glow Kidz (Saal)
Marinette Kilpert

18:00 **@6 Diens**
Ds, Mizelle Prinsloo

Deuroffer: Jan Kriel Instituut

GEBEURE OORSIG:

29 Jun - 7 Jul: Loeriesfontein Uitreik
1-3 Jul: GlowKidz vakansieprogram
7 Jul: Doop
9 Jul: Skole open
18 Jul: Grense kursus
19 Jul: Regeneration Activation
22 Jul: Kerkraadsvergadering"
23 Jul: Doopkategese
26 Jul: GlowKidz Rave
28 Jul: Geloofsgelofte-Offer loodsing
28 Jul - 3 Aug: Getuienisweek

Ondersteuningsgroepe

Wil jy graag ander met dieselfde verlies of uitdagings as jy bemoedig, of het jy self bemoediging in jou herstelproses nodig?

Kom sluit aan by een van die volgende ondersteuningsgroepe wat moontlik in persoon bymekaar gaan kom of net bemoedigende whatsapp-groepe gaan stig.

Groepe:

- Ouers met kinders onder 18 jaar met uitdagings
- Ouers met volwasse kinders met uitdagings
- Persone met familielede of vriende wat met 'n afhanklikheid sukkel
- Persone met familielede of vriende wat sukkel met angs en depressie
- Persone wie onlangs 'n geliefde aan die dood afgestaan het
- Persone wie naby aftrede staan en onsekerheid ervaar oor die nuwe seisoen in hulle lewe
- Persone wie na ons omgewing getrek het vanaf ± 2020 en wie sukkel om aan te pas, in te pas of verlang na wat was.

Gesels met Leon of Liezl vir meer inligting.

Op 14 Julie kan jy by die kerk in die voorportaal by Liezl aanmeld of stuur 'n e-pos teen 22 Julie as jy wil deel word: versorging@bergsigdv.co.za

Gebed

Ons gesels met God deur gebed. Ons sukkel soms.
Die praktiese gebedswiel help ons om te bid. Die tydsduur kan aangepas word na 1 minuut elk - vir 'n korter gebedstydperk van 12 minute of langer bv. 5 minute elk, dan gelykstaande aan 1 uur. Oefen hiermee om die Here te eer.

Vanuit die Uitreikkantoor ...

Msinga Lidmaatuitreik

Die Msinga-span is terug en het baie stories om te vertel. Ons is dankbaar dat hulle veilig gereis het.

Op 14 Julie gaan hulle terugvoer gee oor die uireik na Msinga wat plaasgevind het die afgelope vakansie.

Hier is so paar fototjies van beide lidmaatuitreik spanne.

Ons sal binnekort meer publiseer en skryf wat die uitreik alles behels het.

Bergsig-uitreikhulp

Die versorgingskantoor is opsoek na ’n fiets vir ’n man wie in Morningstar woon en elke dag in Sonstraal werk.

Ons sal dit waardeer as iemand ’n fiets het wat nie meer gebruik word, of in iemand se pad staan wat ons vir die man kan skenk.

Kontak vir Liezl by die by versorging@bergsigdv.co.a vir meer inligting.

Loeriesfontein Lidmaatuitreik

Op 14 Julie vertel die span meer van hierdie uitreik.

Welgegund

Welgegund plaas is geleë 12 km buite Durbanville op Adderleyweg. Van ons gemeente se lidmate woon en werk op die plaas. As deel van die NGK se missionale visie en inisiatief om geloofsgemeenskappe te ontwikkel, reik ons uit na hierdie lidmate en ander werknemers op Welgegund.

Vrywillige lidmate van Bergsig gemeente help met die woordverkondiging Sondagoggende. Daarbenewens help lidmate van die gemeente ook met die aanbied van Sondagskool lesse vir die kinders. Lidmate by Welgegund word ook uitgenooi om in te skakel by Bergsig se kerkkalender geleenthede.

Daar bestaan 'n deurlopende behoefte aan meer vrywilligers om aan te sluit by die bediening. Mede-Christene kan help om 'n verskil te maak in die groter geloofsgemeenskap en help bou aan God se Koninkryk op aarde.

Bergsig lidmate is ook welkom om eredienste by te woon op Sondagoggende om 09h00 op Welgegund. Kom wees deel van die gemeenskap van die gelowiges en ervaar kerkwees op die plaas.

Welgegund-gemeenskap se bedieningspan wil al die lidmate van Durbanville Bergsig bedank vir hulle aankoop van roosterkoeke gedurende die Vinkel en Koljander Mark hierdie jaar.

Die fondse wat ingesamel is gaan tussen Welgegund en Spes Bona se geloofsgemeenskappe verdeel en aangewend word om lidmate wat op hierdie twee bedieningspunte woon te seën.

Groete,

Bedieningspan

NUWE LIDMATE - ATTESTATE ONTVANG VAN 01-06-2023 - 31-05-2024

Die name is beskikbaar by die ontvangstoonbank.

Volwasse Kategese - Belydenis van Geloof

Ds Leon gaan op sekere Sondae vanaf 14 Julie 2024 om 10:45-12:00 Volwasse Kategese aanbied by Bergsig Kerk.

Enige gedoopte of ongedoopte volwasse persoon wie nog nie Belydenis van Geloof afgelê het nie is welkom om hierdie 6 sessies met die oog op Belydenis van Geloof Aflegging, einde Oktober, by te woon.

Enige volwasse persoon wie reeds belydenis van geloof afgelê het, wat graag weer die inhoud van wat hulle glo wil **herbesoek**, is ook welkom om die 6 sessies by te woon.

Datums en Temas:

14 Julie: God Drie-enig: 3 en tog 1
28 Julie: Sonde, Verlossing (in Jesus), Dankbaarheid
4 Aug: Kerkwees en die Sakramente: Doop en Nagmaal
25 Aug: Die Bybel, asook stiltetyd, gebed en getuienis
1 Sept: Die Heilige Gees en gemeentewees: o.a. Gawes en Vrug van die Gees
15 Sept: Geskiedenis van die NG Kerk: o.a. Die Hervorming en Belydenisskrifte

Dak vir batterystelsel benodig

Ons is baie dankbaar vir die batterystelsel wat geïnstalleer is vir die verligting van beurtkrag. Met die harde reën die afgelope week het ons besef dat ons 'n deurskynende dakkie benodig om water spatsels af te weer. Gelukkig reën dit nie in op die stelsel nie, maar ons wil graag ekstra seker maak. Indien jy wat vir ons so deurskynende PLAAT kan skenk EN/OF dit dalk ook kan help installer kontak Charmaine by die kerkkantoor (fasiliteite@bergsigdv.co.za)

Debietorders-Opdatering

Ons het die 1ste Julie oorgegaan met ons debietorders op 'n nuwe sisteem.

Die vorige sisteem het begin probleme gee en weens die feit dat dit ou tegnologie is, is daar geen ondersteuning.

Indien daar enige probleme met jou debietorder is laat weet asseblief vir:

Finansies - Alet by finansies@bergsigdv.co.za.

Sou jy belangstel om 'n **nuwe debietorder** wil teken is jy ook welkom om vir my 'n epos te stuur, ek help graag.

GRENSE

Om duidelike grense te hê is noodsaaklik vir 'n gesonde, gebalanseerde lewe. Grense is 'n persoonlike afbakeningslyn
wat aandui waarvoor ons verantwoordelik is.
Dit definieer wie ons is en wie ons nie is nie.

Koste R180.00
Datums:
Donderdagaande: Edna van Tonder
18, 25 Julie
1,8,15,22,29 Augustus
5 September
Vrydagoggende: Ds. Leon Tait
19,26 Julie
2,23,30 Augustus
6,13,20 September

Liezl Loubser by versorging@bergsigdv.co.za

Kom help ons asseblief

Het jy **TYD** om die **hulpwerkers** van die seniorbediening te help? Ons het 5 minute van jou nodig per week.
Bel Andene van den Berg by
021 976 4106 / uitreike@bergsigdv.co.za



GlowKidz Gebedstasies

Die kinders kry kans tydens die laaste erediens van die tweede kwartaal om die gebedstasies te besoek.

Hulle leer prakties meer van gebed.

By GlowBig het hulle baie pret gehad met die verf van hul hoede.

NG Kerk Durbanville-Bergsig

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za

Facebook: Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers

Straatadres: H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550

Posadres: Posbus 479, Durbanville, 7551

Kantoor-ure: Ma tot Vry 08:00 - 14:00

Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

scan to donate now — zapper donate with VISA and many more — www.zapper.com

Snap here to pay — SnapScan

https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527

24 uur nood vir geestelike & emosionele ondersteuning

bergsig911@bergsigdv.co.za

S33 48.966 018 39.728

Bankbesonderhede: NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810